Lectori Salutem!

Hier volg die jaarverslag van die Hoër Jongenskool Paarl vir die jaar Oktober 2020 tot Oktober 2021.

AKADEMIE

Prysuitdeling 2020

Die jaarlikse prysuitdelingseremonie het in November plaasgevind. Dit was weer ’n waardige geleentheid waartydens die seuns erkenning gekry het vir prestasies op terreine waar daar tydens die afgelope jaar aktiwiteit kon wees. Die hoofseun, onderhoofseun, prefekte en VRL vir 2021 is ook tydens hierdie geleentheid bekendgemaak en ingehuldig. Dr Gillian Arendse het as geleentheidspreker opgetree. Dit was ’n voorreg om hom te kon aanhoor. Hy het oud en jonk getref met ’n uiters gepaste onderwerp vir die geleentheid.

Music

Jandré Frey passed his grade 8 (final grade) UNISA piano examination with merit.

Wiskundekompetisies

HJS het vanjaar ongekende sukses in die jaarlikse Wiskundekompetisies behaal.
Die kwartaal het begin met Hugo Bruwer (graad 10) en Mike Wang (graad 9) wat gekwalifiseer het om aan die derde ronde van die Old Mutual Wiskundeolimpiade deel te neem. Jaarliks neem meer as 100 000 leerders landswyd aan hierdie olimpiade deel en slegs die 100 beste juniors en 100 beste seniors word genooi om die derde ronde te skryf.
Hugo en Mike het HJS ook by die UCT Maths Olympiad verteenwoordig, waarna hulle gekies is om die Wes-Kaap in die Nasionale Wiskunde-spanolimpiade te verteenwoordig. Albei die Wes-Kaapse spanne het hulle afdelings van die nasionale kompetisie gewen.

KULTUUR

Graad 12-uitstapdag 2020

Die Graad 12's se laaste dag op 23 Oktober 2020 het met 'n heerlike ontbyt by Brugstraat begin.

Daarna was die saalbyeenkoms op die gras voor skool, wat geopen is deur ds Bekker Nieuwoudt.

Mnr Derek Swart het ouder gewoonte 'n uitstekende toespraak gelewer wat elke kind en ouer geraak het. Die hoofseun, Bernabé de la Bat, het namens die graad 12's van die skool afskeid geneem waarna die matrieks die gras saam verlaat het om vir oulaas die skoollied te sing.

Afrikaanse Interskoledebatsliga

Die manne van Hoër Jongenskool Paarl het op Woensdag, 14 April aan die eerste Afrikaanse Interskoledebatsliga by Paul Roos gaan deelneem.

Dié debatsliga word hierdie jaar vir die eerste keer aangebied en Paul Roos dien as die gasheerskool. Daar is verskeie rondtes waarna die spanne uiteindelik deurdring tot 'n finaal. Die kompetisie volg die Dink of Sink-model. HJS het ses spanne ingeskryf – drie senior en drie junior.

Tydens die eerste rondte moes die seniors onderskeidelik redeneer of Suid-Afrika 'n gekwalifiseerde stemregstel behoort te hê of nie. Die juniors het op hul beurt weer geredeneer of Geskiedenis as verpligte vak op skool aangebied moet word of nie. Dit was 'n baie goeie leerskool vir die manne van HJS. Een van ons junior spanne het teen die meisies van Bloemhof te staan gekom en hul geklop.

Dit is 'n baie lekker en positiewe ervaring vir die manne waar hulle hul sprekersvernuf kan verbeter. Ons sien uit na die res van die kompetisie.

Afrikaans Interskoledebatsliga

Paul Roos het hierdie jaar vir die eerste keer vir skole die geleentheid geskep om aan 'n Afrikaans Interskole Debatsliga deel te neem. Paul Roos het ook as die gasheerskool gedien. Daar was verskeie rondes waarna die spanne uiteindelik sou deurdring tot 'n finaal. Die kompetisie volg die Dink-of-Sink-model. HJS het ses spanne ingeskryf – drie senior en drie junior.

Hoër Jongenskool Paarl het twee keer gaan deelneem en die leerders het die geleentheid baie geniet. Die kompetisie is ongelukkig in die wiele gery deur die Covid-pandemie met skole was soms moes sluit of weens rondes wat afgestel moes word vir die algehele veiligheid van leerders en personeel.

Dit was steeds ’n baie lekker en positiewe ervaring vir die manne waar hulle hul sprekersvernuf kon verbeter en ons sien uit na die komende jare waarin ons glo die debatsliga net gaan vergroot en versterk.

English Debating

The first term of 2021 has been an eventful time for the English Debating squad of Paarl Boys’ High. On 26 March we had our very first Debating camp, during which the new debaters met and practised with coach Danre Muller, along with the rest of the squad. In preparation for the official Boland Debating League we also took part in ‘friendly’ debating matches in Stellenbosch which culminated in our first official debates on 14 April. We look forward to taking part in Boland League debates in the second term.

Drumline het ’n uiters suksesvolle kitsskare(‘flash mob’-)optrede in die Paarl Mall gehad. Die mense is meegesleep deur leerders wat al spelende in groepies by die winkels uitgestap het. Hulle het in die middel van die optrede ’n ‘drum battle’ of dromstryd gehad, waar individuele leerders hul slag kon wys. Die groep is ook gevra om by WA Joubert te gaan speel waar die leerders en onderwysers dit baie waardeer en geniet het.

Dramatiese Kunste

Die drie gr 12-leerlinge wat Dramatiese Kunste by die skool as vak neem, het saam met vier ander skole ’n hersieningswerkswinkel by Stellenberg Hoërskool bygewoon. Op die foto sit van links: Joshua du Toit en Michael Moolman (Jared Andrews afwesig). Daar kon hulle deur al die werk gaan en hersien wat nodig was vir die beantwoording van ’n vraestel. Hul dramaonderwyser, Wiwe Ras-Pretorius, was ’n organiseerder en een van die aanbieders van die werkswinkel.

Drama

So in die middel van ons Covid-situasie het Paul Roos ’n Filmit-kompetisie vir hoërskoolleerders geloods. Ons was dankbaar om deel te kon wees van hierdie projek.
Om aan te haal: “We had 70 film concepts submitted and our judges are looking forward to seeing our young people’s creative ideas.”
Ons skool het twee konsepte ingestuur in die vorm van ’n skeppende videovoorstelling.
Die dramastudente het hard hieraan gewerk en ons was baie gelukkig om onder die eerste tien skole verkies te word om ’n kort film te skiet.
Die filmkonsep van Nico Smit het toe gewen.
Daarna het ons Zoom-sessies met Marco Spannenberg , hoof- storieskrywer by die Suidooster gehad.

Ons is tans hard besig om te skiet aan die kortfilm, wat later, sodra dit voltooi is, ook aan die publiek voorgelê sal word om vir ons te stem.
Ons hoop om almal by Hoër Jongenskool te kry om ons leerders te ondersteun en sal julle laat weet sodra dit beskikbaar is.
Intussen het die leerders wat aan die film skiet, ook aan die Eisteddfod deelgeneem wat ons nou by HJS aanbied.
Hou die dramadepartment dop met ons nuwe Filmit-film wat einde Oktober ingelewer word.

Kuns

Mnr Sakkie Visagie het ‘n kunsgroep gestig wat ook bydrae tot BOISHAAI BIED BALANS. Klasse word weekliks aangebied en die seuns beplan ’n uitstalling in 2022.

Graad 8-kamp

Die kamp wat elke jaar twee dae voordat die skool vir skoliere open gehou word, speel ’n baie belangrike rol in die vestiging van die HJS-etos onder hierdie nuwe groep leerlinge.
Op Vrydag 12 Februarie het al die graad 8-leerlinge vir 2021 op die veld voor die skool aangetree. Hulle is verwelkom deur die graadhoof, mnr T van Zyl, en al die prefekte, wat die res van die jaar as voogde vir die graad 8’s sal optree.
Die graad 8-seuns het die geleentheid gekry om deur die museum te beweeg.
Ná die besoek aan die museum is die seuns op die tradisionele berguitstappie – hierdie jaar ongelukkig sonder die “Ladies”. Op die berg het die graad 8’s parade gedoen, die skoollied en Interskole-liedjies geleer en tot bo-op Paarlrots gestap. Hulle het ’n paar ure later moeg, maar vol gees teruggekeer.
Die braaivure is aangesteek en die aand is met die skoollied afgesluit. Hulle het die aand op die veld voor die skool moeg, maar tevrede gaan slaap.
Saterdagoggend ná ontbyt is hulle na Brugstraat waar die graad 8-atletiekbyeenkoms gehou is.
After lunch they were given a conducted tour of the school. They also received all their textbooks.
The camp ended in the hall with a special ceremony where the boys and their parents were officially welcomed by the headmaster, Mr Derek Swart, after which they sang the school song.
Our thanks to all the prefects, Mr Arno Blom, the kitchen staff, Mrs Tertia Hauptfleisch, as well as Mr Ettienne Cronjé and the “geeskomitee” for all their help.

CSV/SCA

Ons is bevoorreg om elke Donderdagoggend in Hoër Jongenskool Paarl ’n geleentheid te hê om vir 20 minute in kringe by mekaar te kom. Dit gee vir die seuns die geleentheid om te gesels oor ons geloof en die vaardighede wat ons in die lewe benodig om suksesvol te wees. Liam Carruthers en Danté Burger is ons hoofleiers vir 2021 en hulle gee leiding aan 61 kringleiers en groepe.
Vicus Kruger het die 63 seuns op die tweede Dinsdag van die eerste kwartaal opgelei in die aanbieding van die lesse. Hy het hulle ook leiding gegee oor hoe om in daardie bepaalde leiersposisie te ontwikkel.
The lessons are powerful short messages that the learners can relate to. The lessons are also available on their phones in a PDF document. On the Thursday before Easter we focused on the topic “the Cross made the difference”. The Cross reminds us of Jesus’ passion and love for each one of us. The learners could draw a red cross in their shoes as a reminder to walk in Jesus’ footsteps every day.
Unfortunately, we were not allowed to have a praise and worship in the first term due to Covid regulations, but we are positive about the possibilities for next term. We are thankful for being able to cover our lessons during term one and influence the minds of young men with so much potential.

SPORT

WINTERSPORT

HOCKEY

Paarl Boys’ High Hockey started off its season primarily focusing on conditioning since playing hockey on the Astro was still forbidden until recently. To the great relief for the boys and coaching staff we received the green light to go ahead with training. This term we were able to play two friendly fixtures against HTS Drostdy and Paul Roos and considering it’s been a year and a half since most of our boys had played a match, our results were very good.

We would also like to highlight some of our boys that played in the Cape Town Premier League with special reference to Anrich Wessels and Luan Bornman whose teams won their respective age groups. Luan was also voted goalkeeper of the tournament. We are very proud of all of our boys’ achievements in this tournament.

Moving forward into the holiday we have five teams that will be competing in festivals. All of our A sides will be competing in the Cape Town Premier League – Teams addition, and our U19B and U16B teams will be playing in the Paarl Gimnasium Hockey Festival.

RUGBY

Covid 19 het vir die tweede agtereenvolgende jaar die rugby seisoen kort geknip. Ons het wel meer wedstryde as in 2020 gespeel.

Die 0/19A, 0/19B en 0/16A spanne was bevoorreg om te toer na die Hoërskool Monument en deelgeneem aan hulle Eeufees rugby toernooi.

Die 0/19A&B het vanaf daardie toernooi aan die jaarlikse Noord-Suid Toernooi deel geneem wat deur Afrikaanse Hoër Seunskool aan gebied is. Daar het albei spanne teen Hoërskool Noordheuwel en Hoërskool Monument te staan gekom.

Op hierdie toer was HJS oorwonne

Ons het ook teen Grey College ons jaarlikse kragmeting gehad. Dit was wel die eerste keer dat al ons spanne kon deel neem. Die seisoen is erger kortgeknip na ons plaaslike wedstryd teen Rondeboch Boys' High.

Die volgende seuns was ook verkies vir die SA skole span wat sou toer na Georgië, maar die toer het nie plaas gevind nie agv die pandemie

Abulele Ndabambi, Compion von Ludwig en Keagan Smith .

LANDLOOP

Die twee vriendskaplike landloopbyeenkomste wat gedurende die derde kwartaal sou plaasvind, is as gevolg van Covid-getalle albei op die tippie gekanselleer.

Vyf van ons landloopatlete het wel op Saterdag 28 Augustus aan die Boland Streekkampioenskap op Malmesbury deelgeneem. Die uitstlae was soos volg:

Seuns o. 14 (4 km)

POSISIE	NAAM	TYD
1.	Ryan Swanepoel	14:34:56
2.	John D Hessel	14:51:44
4.	Luan Stander	17:01:80

Seuns o. 15 (4 km)

POSISIE	NAAM	TYD
1.	Thandoluhle Wekeni	14:51:95

Seuns o. 16 (6 km)

POSISIE	NAAM	TYD
1.	Shane-Joshua Adams	22:30:25

INTERHUIS – WINTERSPORT

Interhuis-raakrugby ("touchies"): Berlyn se seniors en juniors is die wenners van die Interhuis-touchies, met Monte Bello wat die interhuis – hokkie gewen het. Zeederberg het die skaak gewen, met ’n rekordgetal seuns wat deel geneem het.

SOMERSPORT

KRIEKET

Die 2020/2021-seisoen het vir ons heelwat opwinding verskaf. Ondanks al die dinkwerk en die laasteminuut-wedstrydbepalings wat weens die Covid-19-pandemie gereël, uitgestel of verander moes word, het mnr Frans Cloete ’n uitstekende taak verrig om vir ons seuns 88 wedstryde in te pas. Dit op sigself is ’n puik resultaat vir ons.

We have unfortunately had to cancel our cricket festival in January which was set to be the largest festival of its kind in South Africa. However, apart from that disappointment we have been able to move siwftly with two weekends of mixed teams games including schools from Paul Roos, Paarl Gim, Parel Vallei and Curro Durbanville to give the boys two extra cricket-playing opportunities. Here we would like to thank those schools for making extra cricket opportunities available to our boys.

We have also managed to continue playing cricket till 17 April which is as far as history goes probably the longest cricket season at Paarl Boys’ High. The reason for this is twofold: one, to give our cricketers the opportunity to play as many games as possible, and two, for us as coaches to get an idea of players who could put up their hands for our flagship teams.

Ons het van 8 Jan tot 17 April in totaal 88 wedstryde gespeel. Baie dankie aan elkeen van die manne wat hierdie seisoen gespeel het en veral vir die manier waarop hulle die spel gespeel het.

Ons is baie opgewonde om vanaf September 2021 ons splinternuwe wêreldgehaltebuitenette in te wy en ons glo dit sal ook gepaard gaan met ’n hele nuwe lewe in HJS se krieketfamilie. Dit is beslis iets waarop elke leerder en krieketspeler in HJS trots kan wees.

Daar was hierdie seisoen die volgende presteerders met honderdtalle en vyf paaltjies en meer op hul kerfstok:

100-talle: Liam Vermeulen (vs Rondebosch) / Gysbert Wege (vs Curro, Durbanville)

5 paaltjies en meer: Xandi Jacobs (vs Paul Roos) / Grant Swanepoel (vs Paul Roos) / Julian Weber (vs Bishops)

Jordan Williams (vs Bishops) / Neil Goosen (vs Curro, Durbanville)

Baie dankie vir elke afrigter, vir die lang ure in die son en die mooi manier waarop julle met die seuns werk. Baie dankie aan mnre Carstens en Johan Swart en hulle span wat die velde en blaaie vir ons voorberei; ons is regtig dankbaar vir die tyd en werk wat julle vir ons doen. Baie dankie aan die dames van die koshuis wat ons etes en drankies altyd reg het. Dan, ’n spesiale dankie aan ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning deur dik en dun; sonder julle kan ons dit nie doen nie. Laastens wil ek vir elke speler van HJS baie dankie sê vir julle gesindheid, julle tyd, julle lang ure in die son en die manier waarop julle krieket speel vir HJS.

SWIMMING

In the SA National Short Course Championships October 2020 Eric Slabbert won one final and came second in two more finals. He managed to outswim even some of the A finals swimmers. Eric was ranked 8th overall in South Africa in the 100 m backstroke and 200 m backstroke.

Western Cape Swimming Championship

Twelve learners took part in the Western Cape Championships Swimming Gala in Malmesbury. They were: Pierce Kotzé, Leonard van der Werf, Liam Coetzee, Ruan Lategan, Van Dyk Engelbreght, Niklis Swart, Louw Esterhuysen, Eric Slabbert, Stian Olivier, Mark Peceur, Francois du Toit and Retief Hugo.

’n Paar van ons swemmers het ook aan die **SA nasionale junior kampioenskap** deelgeneem en die volgende medaljes verower:

Liam Coetzee	Goud in 100 m-vlinderslag / Goud in 200 m-vlinderslag
Louw Esterhuysen	Silwer in die 400 m-vryslag
Retief Hugo	Silwer in die 200 m-borsslag

Mark Peceur	Silwer in die 200 m-vlinderslag
Ruan Lategan	Brons in die 200 m-vlinderslag
Francois Bester	Brons in die 200 m-borsslag / Brons in die 200 m- individuele wisselslag
Pierce Kotzé	Brons in die 200 m-borsslag

ATLETIEK

Met die 2021-skooljaar wat laat en deurmekaar begin het, plus die onsekerheid wat daarmee gepaard gegaan het, was die eerste kwartaal vir ons een groot uitdaging.

Ondanks die Covid-protokol kon Boishaai nog steeds hul tradisionele gr. 8- en Interhuisbyeenkoms aanbied. Die atlete het die geleentheid behoorlik aangegryp en benewens die puik byeenkoms en prestasies, kon die atlete uiting gee aan hul frustrasies van die afgelope tyd.

HJS se atlete was fiks en dit was baie by die skitterende Topseuns-byeenkoms, wat deur vier topskole ondersteun is. Dit is deur Boishaai oorheers en ons het gemaklik gewen.

Nog ’n bonus was die bekendmaking dat daar wel ’n ASA kampioenskap aangebied sou word. Boland en WP het ingespring en mini-ligas aangebied waar die atlete die geleentheid gegun is om vir die onderskeie provinsies te kwalifiseer waarna hulle toe aan die SA’s kon deelneem.

Heelwat atlete het die kans aangegryp en tien van ons atlete is opgeneem in die WP- en Bolandspanne. Uit die groep dring agt van die atlete deur na die finaal in hul onderskeie items.

TENNIS

William Zulch het aan die Wanderers ITF-toernooi in Johannesburg deelgeneem. In die enkels het hy verloor teen die derde gekeurde Mikaeel Woodman wat deur is na die finaal. In die dubbels het William en sy maat Gerrie Henning (Grey Bloem) deurgedring tot die semifinaal, waar hulle verloor het. William is ook die nr 1-speler in SA in die o. 18-dubbels volgens die TSA-ranglys .

Ondanks die liga wat in die 2e kwartaal gekanselleer is, het ons verskeie vriendskaplike wedstryde vir ons tennisspanne gereël en ons het al ons wedstryde gewen. Seuns het selfs teen skole teen wie ons nooit speel nie, bv Drostdy en Bellville, meegeding.

Ons het ook die eerste Star South David Samaai o. 15-toernooi aangebied met HJS A, HJS B, Boland Landbou en Stellenbosch as deelnemers. HJS A het die toernooi gewen en HJS B het in die tweede plek geëindig. Dit was regtig ’n groot voorreg om die toernooi vir die eerste keer aan te bied en ons glo die toernooi sal net groei.

Ons eerste tennisspan klop vir Paarl Gim, Curro, Stellenberg, Stellenbosch en Durbanville in die CR van der Merwe-toernooi by Curro en wen die titel.

John van Niekerk, JC Paul, Reinhardt Mostert, Toit Malan en Marno vd Merwe het die Western Cape Cavaliers teen WP verteenwoordig, met Western Cape Cavaliers as wenner.

Andreas van Wyk, Jacobus Smit, Lethin Abrahams, Liam Coetsee, Andreas Steyn en Timothy Kotzé het in die Drakensteinspan teen Overberg en Drakenstein gespeel en het ook hierdie wedstryde gewen.

Die eerste tennisspan het van 15 tot 17 April deelgeneem aan die Gerrie Berner-toernooi in Stellenbosch. Op dag 1 klop ons Kearsney College 7 – 0 en Affies 5 – 2. Op dag 2 verloor ons ’n baie gelykopwedstryd 3 – 4 teen Grey College. In ons laaste groepwedstryd klop ons Oakdale 7 – 0. In die semifinaal val ons vas teen Paul Roos 0 – 4. Op die laaste dag speel ons uit vir derde en vierde plek en klop Clifton High van Durban 4 – 0. En kan uiteindelik spog met ‘n uitstekende derde plek by hierdie. Dis ons beste posisie die afgelope 10 jaar.

Verskeie van ons seuns het ook deelgeneem aan TSA-toernooie en behaal die volgende prestasies:

- William Zulch wen die mansafdeling van die Winelands Grand Prix.
- William wen ook die mansdubbels saam met Luan Krige (matriek 2020).
- Toit Malan eindig derde by Winelands Grandprix o. 14 en wen die dubbels.
- Frans Willem vd Merwe eindig vierde by Winelands Grand Prix o. 16.
- Reinhardt Mostert wen Eden Mini-dubbels o. 14.
- Jan Albert Botha wen Cape Town Mini Gold o. 14.

Frans Willem vd Merwe lê op 22 Februarie soos volg op die SA o. 16-ranglys:

- Dubbels – 1e
- Enkels – 6e
- Gekombineerd – 2e

William Zulch lê tans in die eerste plek op die SA ranglys vir seuns o. 18-dubbels en ook in die top-10 vir enkelspel.

Tydens die 3de kwartaal het ons met ’n o. 16-tennisspan aan die provinsiale rondte van die BNP Paribas Topskoletoernooi in die Strand deelgeneem. Ons klop Hermanus 3 – 0, Outeniqua 3 – 0 en Curro Durbanville 3 – 0. Ons gaan deur na die finaal en ná ’n baie spannende wedstryd verloor ons

1 – 2 teen Paul Roos. Ons span het bestaan uit Frans Willem van der Merwe, Jaco Snyman, JC Paul en Emile van den Berg.
JC Paul en Emile van den Berg neem 24–26 September deel aan die Interpro-toernooi te George as verteenwoordigers van die Western Cape Cavaliers se o. 15-span wat tweede eindig in die toernooi. JC wen al sy enkelswedstryde en Emile verloor slegs een enkelswedstryd.
Die afgelope kwartaal het daar ook verskeie van ons seuns in TSA-toernooie gespeel en almal het goeie uitslae behaal.
Baie geluk, manne, met uitstekende uitslae.
Ons maak tans vir die liga en ’n paar skooltoernooie in die vierde kwartaal gereed.

NIE-SEISOENGEBONDE SPORT

MUURBAL

Die volgende tien spelers is vir die Bolandspan gekies wat 24–27 April in Bloemfontein gaan deelneem aan die SA skoletoernooi:

o. 16: Jadyn Heunis, Josh Freeborough, Jono Caudwell, Francois Rademeyer, James Roberts, Jacques Basson

o. 19: Kosie Möller: Ivor Burger, Niclas Möller, Juvan Bekker

Die volgende spelers het ook Boland-kleure verwerf:

o. 16B: Josh Freeborough, Francois Rademeyer, James Roberts

o. 16A: Jacques Basson, Jono Caudwell

o. 19 A: Kosie Möller, Niclas Möller

GHOLF

Janus Roberts was met ’n telling van 67 (5 onder baansyfer) die wenner van Robertson se junior gholfkampioenskap met Dylan Kayne in die derde plek met 71 (1 onder baansyfer).

HJS vs Somerset College: Tweede span: SC 82 punte; HJS 80 punte (Helgard Alberts 23; Josh Breytenbach 20; Christiaan Swart 19). HJS wen met 1 punt. Eerste span: SC 79 punte; HJS 101 punte (Dylan Kayne 26; John Rabie 26; Janus Roberts 25; Daniël du Plessis 24). HJS wen met 21 punte.

Paarl Boys' High golfers excelled this term by playing outstanding golf. Our first team won all their Boland fixtures against schools like Paul Roos and Paarl Gimnasium.

Four members of the first team – Dylan Kayne, John Rabie, Janus Roberts and Daniel du Plessis – won the Boland Golf Union High School Team Championship. Dylan Kayne was the individual champion of the day, winning the gold medal, and John Rabie won the silver medal.

I am very excited about golf at Paarl Boys' High School and all the golfers are looking forward to a successful winter season.

Op 28 September het 26 seuns deelgeneem aan die HJS-gholfkampioenskap. Die seuns het in twee afdelings gespeel: die A-afdeling (voorgee 0–9) en die B-afdeling (voorgee 10–18).

Die wenner van die A-afdeling en kampioengholfer van die jaar is Dylan Kayne wat ’n ongelooflike 70 (twee onder baansyfer) gespeel het. Die wenner van die B-afdeling vanjaar is Tertius de Bruyn.

SKAAK

Ons het ’n baie suksesvolle eerste kwartaal in 2021 agter die rug. ’n Rekordgetal seuns het aan die proewe deelgeneem.

Wium van Tonder het aan die “Paul Roos Chess Challenge” deelgeneem. Wium het vier van sy vyf wedstryde gewen en daarmee ’n vyfde plek behaal in die A-afdeling.

In April Boys’ High hosted Paul Roos for a chess tournament.

o. 15A: won 11 – 3 / o. 18B: lost 6 – 8 / o. 18A: lost ½ – 11½

Die volgende leerders het al hulle wedstryde gewen: Matthew Benson, Philip Venter, Wium van Tonder, Kian Blomerus, Zandré Grobler, Oscar Benvenuto en Gregory Hall.

Chess Interhouse 2021 was one of the most contested competitions in recent years with a record number of 60 players spanning across the first and second league. Dit was die eerste jaar waar daar twee volwaardige ligas was vir kompetisie.

Tweede liga

1ste plek: Zeederberg

2de plek: Bellevue

3de plek: Villieria

4de plek: Imhoff

5de plek: Berlyn

6de plek: Monte Bello

Eerste liga

1ste plek: Zeederberg

2de plek: Berlyn

3de plek: Villieria

4de plek: Monte Bello

5de plek: Bellevue

6de plek: Imhoff

Spelers wat Zeederberg se 1ste span verteenwoordig het, was D'Venerio White, Mike Wang, Jean Marquard-Sylvester en Daniël van der Merwe, onder die leierskap van Christie van Zyl en Duncan Griffiths.

BUITESPORT

Perdry: Theuns Mocke en Henrico Kirsten het by die SANESA kwalifiserende interskole-perdryskou in Stellenbosch die Hoër Jongenskool Paarl se naam in verskeie klasse hoog gehou.

Theuns: Ruiterkuns ('equitation') 50 cm (1e) **/** Dressuur ('dressage') Vlak 0 Toets A (1e) **/** Dressuur Vlak 0 Toets B (1e)

Handy Hunter 70 cm (2e) Skouspring ('showjumping') 60 cm Ideale Tyd (2e) / Skouspring 60 cm Kompetisie (1e)

Skouspring 70 cm

Henrico: Ruiterkuns 90 cm (1e) / Dressuur Vlak 2 Toets A (5e) / Dressuur Vlak 2 Toets B (3^{e})

Baarshengel ('bass angling'): JG Fouché het as lid van die WP o. 19-baarshengelspan ('bass angling') sy WP-kleure vir hierdie sportsoort verwerf. Die WP-span het 'n tweede plek in die kompetisie behaal.

Onderwaterhokkie: Abrie Truter en Jan Grobbelaar was lede van die Boland-onderwaterhokkiespan (o. 19-mans) wat in die SA Junior Nasionale Onderwaterhokkiekampioenskap 'n algehele vierde plek behaal het.

Dance: Cleto van Rooi recently took part in the ballet production of "Coppélia". He danced the part of Pierrot in the first production back at Artscape after COVID restrictions were lifted.

Lyfplankry ('bodyboarding'): John Krige en Noam Smuts het hulle WP-kleure in lyfplankry verwerf. Hulle het in Oktober aan die SA kampioenskap te Port Alfred deel.

WP-varswaterhengel: Wiehan de Swardt is in die WP-varswaterhengelspan ingesluit.

Ruiterkuns: Theuns Mocke en Henrico Kirsten verteenwoordig die SANESA Kaapse Wynland-perdryspan in die volgende dissiplines: **Theuns**: ruiterkuns (equitation) 50 cm; Dressage Vlak 0; Handy Hunter 70 cm; toonspring (showjumping) 60 cm Ideale Tyd; toonspring 60 cm-kompetisie; toonspring 70 cm **Henrico:** ruiterkuns 90 cm; dressage Vlak 2

Skyfskiet: Herman Roux het op in die Wes-Kaapgroep by die Zürcher Winter-Fernwettkampf aan die Duitse internasionale virtuele onder 21-skyfskietkompetisie deelgeneem. Hy het in die 10 m-presisie Olimpiesdissipline met 'n baie goeie telling van 604,2 'n eerste posisie in die Wes-Kaapgroep losgeskiet. Herman was algeheel 59ste op die internasionale ranglys.

Wes-Kaapkampioenskap vir Tuimel: Frans van der Merwe het hieraan deelgeneem en Goud gewen in sy afdeling. Hy verwerf sy provinsiale kleure en neem in Oktober aan die nasionale kampioenskap in Pretoria deel.

Gimnastiek: Tristan Vlok het aan die distrikskompetisie vir gimnastiek deelgeneem en WP-kleure verwerf. Hy het bronsmedalje in drie verskillende roetines behaal.

Nasionale Enduro-motorfietswedren: Luca van Zyl het by die Nasionale Enduro in Port Alfred 'n bronstoekenning behaal. Ná drie wedrenne is hy nou tweede in die land in die J2 Junior Pro-kategorie. Die J2 Junior Pro-kategorie is vir ryers tussen die ouderdom 15 en 21. Luca is dus ook een van die jongste deelnemers in die kategorie.

Handwapenskiet: Henrico Kirsten het in die handwapenklas van die IPSC (International Practical Shooting Confederation) se nasionale kompetisie vir hierdie sport deelgeneem en in die junior kategorie (onder 21) van die produksieklas 'n bronsmedalje (derde plek) behaal.

ONDERSTUNENDE SPORT

Mountain biking: Lood Goosen competed in Round 1 of the Western Province XCO series at Coetzenburg, Stellenbosch. After being incorrectly seeded in 40th place instead of 7th in the starting line-up, he fought back and came 4th overall out of a field of 62 riders in the age category Youth Men.

Samuel Cleary het by die SA CUP-bergfietskompetisie in Limpopo 'n derde plek behaal vir o. 14-subjunior seuns. Dit was Samuel se eerste SA CUP en daarom 'n voortreflike prestasie.

Vier van ons seuns het aan die SA Afdraandbergfietsrykampioenskap (‘SA Downhill MTB’) by die Taalmonument hier in die Paarl deelgeneem. Samuel Cleary het die vyfde posisie behaal. Pierre Grobbelaar, Jordan Bridger en Louis du Plessis het ook deelgeneem.

Dit was al vier seuns se eerste kampioenskap en hulle het baie goed gevaar teen ’n rekordveld van 170 kinders vanuit die hele Suid-Afrika.

After earning his provincial colours for achieving a second place on the log for Youth Men XCO cycling in the Western Cape, Lood Goosen (Gr 10) competed at a national level in the Western Cape in the South African XCM (Marathon) Championship in the youth men 40 km category in Pietermaritzburg, where came fourth overall nationally and was placed third overall.

In the WC Cross Country Championship Samuel Cleary (2nd sub junior) and Lood Goosen (4th youth men) earned their provincial colours in the Western Cape XCO Championship in Knysna.

LEIERSKAP

Global Leadership Summit

Die leiers van Klein Nederburg, HMS en HJS was bevoorreg om verlede naweek tydens die Global Leadership Summit wat deur Vicus Kruger gefasiliteer word, na topsprekers te luister. Op Vrydag het die leerders na Craig Groechel en Michael Todd se wyshede geluister en hulle sienings en insette met mekaar gedeel.

2022 - Prefekte

Simon Basson; Shah- Jehaan de Jongh; Deon Du Plessis; Robert-John du Preez; Lieben Engelbrecht; Matthew Fick; Ben Heydenrych; Hugo-Ben Horn; Kenneth Janson; Ernst Kirsten; Matthew Levens; Erwin Meyer; Handre Nel; Christiaan Priem; Jacques Rossouw; Juan Smal; Nico Smit; Reuben van der Merwe; Kelso van Zyl, Tian Vorster; Geysbert Wege; Anrich Wessels

OLD BOYS

The most prominent achievements by Old Boys include mr Bjorn Fortuin being selected for the Protea T20 team, and no less than three of the four provincial rugby teams taking par tin the competition in Europe were captained by Old Boys, namely messrs. Thomas Du Toit (Sharks), Samaan Moerat (Stormers) and Francke Horn (Lions).

The ‘Order of the Blue Blazer’ was awarded posthumously to mr JD Kirsten during the Founders’ Day ceremony.

Permit to say a big word of thanks to all the Old Boys who had supported us through the difficult past. Hopefully we can count on your support again in future.

Best Wishes to you and yours for a Merry Christmas and a Blessed 2022.

TANDEM FIT ARBOR SURCULUS

Derek A. Swart
Headmaster

Tel: (021) 872 2875
Fax: (021) 872 5246
www.paarlboyshigh.org.za

Paarl Boys' High School
PO Box 11
PAARL
7622